NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI

SKRIFRIGLYNE

GROEIGROEPE EN HUISGELOOF

TEMA: God kyk anders…

2024 Jaartema: WYER – Onbeskaamde bewegings

Ontdek | Ontsluit | Ontmoet. | Ontplooi

Jesaja 54
"Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, 3want jy sal na alle kante toe uitbrei..."

Vanuit Esegiël 47 se reeks oor die waar die water vloei sal daar lewe wees, het die water ook dieper en wyer gevloei. In 2023 het ons Dieper gegaan (Dieper oorwinnende lewe) en vanjaar gaan ons **Wyer** met **Onbeskaamde bewegings** wat deel van ons lewe gaan word.
Ons gaan die 4 kwartale werk met temas van **Ontdek, Ontmoet, Ontsluit en Ontplooi**.
Soos water beweeg het dit invloed op die verandering in landskap. Die water self verander ook van rigting, spoed en diepte. So is verandering 'n onlosmaaklike deel van ons elkeen se lewe. Een ding wat egter nie verander nie is God en Sy liefde vir ons.

Ons gaan hierdie jaar kyk na hoe ons gaan beweeg om nog nader aan God te leef, Sy liefde te ervaar en draers daarvan te wees in 2024. Die reeks wil mense help om op 'n beter plek te kom as wat hulle tans is en ook ander daarmee te help.

Oorsig van die byeenkoms:

Welkom/Lief en Leed	Hoor hoe dit met mekaar gaan.
Waardig/Lofprysing en aanbidding	Tyd om God te loof en prys en Sy naam groot te maak
Woord – Wat sê die Skrif	Tyd om die woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. Vind as groep uit wat God vir julle sê. Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek.
Werke/Projekte – mens-tot-medemens fokus	Praktiese dissipelskap – reik uit na die wêreld in nood.
Voorbidding	Dra mekaar en andere op aan God

TEMA: God kyk anders…

Skriflesing

1 SAMUEL 15:34

"Samuel het na Rama toe gegaan, terwyl Saul na sy huis toe in Gibea gegaan het.
35 Tot die dag van sy dood het Samuel nie weer vir Saul gesien nie. Samuel het oor Saul getreur, en die Here was bedroef daaroor dat Hy vir Saul koning oor Israel gemaak het."

God het mos gewaarsku

1

GESELS MET MEKAAR

- Wat staan vir julle uit in hierdie gedeelte?
- Hoe is hierdie gedeelte relevant vir ons vandag?
- Kyk vinnig net weer na hoofstk 15. > Waarteen het God gewaarsku?

_____

_____

1 Sam 16:1 "Die Here het vir Samuel gesê: "Hoe lank gaan jy nog oor Saul treur nadat Ek hom as koning oor Israel verwerp het? Maak 'n horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe, want onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning."

Wat sou jul sê is die verskil tussen die volk se keuse van koning en God se keuse?

_____

_____

Wat sê Rom 3:23 oor mense?

_____

_____

_____

TEMA: God kyk anders…

So selfs Dawid het sy foute gehad, maar tog word hy ‘n man na God se hart genoem? (Hand 13:17-23)

_____

_____

_____

_____

Kyk na 1 Sam 16:7 - Waarna kyk God in mense?

_____

_____

KYK

Hierdie teks help ons ook om na binne te kyk.
- Wat is daar in my eie lewe wat ek moet regmaak?
- Waartoe roep God my?
- Watter potensiaal het God in Dawid raakgesien?

TEMA: God kyk anders…

NADENKE EN VERDIEPING TOT VERANDERING.

1. Watter potensiaal sien God in my raak?
2. Ons is as God se kinders ook in God se oë, **konings, priesters en profete!**
3. **Wat beteken sit vir ons lewenswyse en ingesteldheid oor die lewe?**

GEBED

Vader, dankie dat U anders na ons kyk deur Jesus.
Dankie dat U ons deur U Gees kom verander om nuut te leef en te bly groei.
Dankie vir die groeigeleenthede wat U ook oor ons pad bring.
Help my om met U "oë" na ander en die wêreld te kyk en altyd U potensiaal raak te sien!

Amen

Notas

TEMA: God kyk anders…